MET GELOOF KONFRONTEER ONS RASSISME GEBEDSBRONMATERIAAL

"Mag die Here van Vrede self, ons nasie die vrede, genesing en versoening gee waarna ons smag. (cf. 2 Thess. 3.16)" (SAKBK Pastorale Brief oor rassisme).

'N VOORBEELD VAN 'N OPENINGS- EN SLOTGEBED

Die onderstaande gebede kan gebruik word om u besprekings oor rassisme en ongelykheid mee te begin en af te sluit.

GEBED NR. 1: *DEUR DIE PAX CHRISTI ANTI-RASSISME-SPAN GESKRYF*

Liewe God, in ons pogings om rassisme ongedaan te maak, begryp ons maar al te goed dat ons stryd nie net teen vlees en bloed is nie, maar teen magte en heerskappye – daardie instellings en sisteme wat rassisme lewendig hou deur aan te hou met die leuen dat sommige lede van die familie minderwaardig en ander hoër is.

Skep in ons 'n nuwe gemoed en hart wat ons in staat sal stel om ons broers en susters raak te sien in die aangesigte van hulle wat deur rassekategorieë verdeel word.

Gee ons die genade en krag om onsself los te maak van alle ras stereotipes waardeur sommige van ons verdruk word terwyl ander daardeur bevoordeel word.

Help ons om 'n Kerk en nasie te skep waarin die hoop en vrese van mense uit alle rasse opgeneem kan word.

Genees u familie, o God, en maak ons één met U, in eenheid met ons broeder Jesus, en bemagtig deur u Heilige Gees. Amen.

GEBED NR. 2: *GEBED VAN MOEDER THERESA*

O God, ons bid vir almal in ons wêreld
wat onder onreg gebuk gaan:
Vir hulle wat diskriminasie verduur
vanweë hul ras, kleur of geloof;
Vir hulle wat in die gevangenis sit
omdat hulle ander van verdrukking wou bevry;
Vir hulle wat vervolg word
omdat hulle die ongemaklike waarheid verkondig;
Vir hulle wat daartoe verlei word om geweld te gebruik
as noodkreet teen die oorweldigende ellende;
Vir hulle wat ontneem is van gesondheid en opvoeding;

Vir hulle wat ontbering en hongersnood ly;
Vir hulle wat te swak is om hulleself te help. Amen.

GEBED NR. 3: *GEBED VAN ST. FRANCISKUS*

Here, maak my ’n instrument van u vrede.
Waar daar haat is, laat my liefde bring.
Waar daar oortredings is, vergifnis,
waar daar twyfel is, geloof,
waar daar wanhoop is, hoop.
waar daar duisternis is, lig,
waar daar droefheid is, vreugde.
O, Heilige Meester, gee dat ek,
in plaas daarvan om vertroosting te soek, ander sal vertroos;
om begrip te soek, andere sal verstaan;
om liefde te soek, andere sal bemin.
Want dit is deur te gee, dat ek ontvang;
deur te vergewe, dat ek vergewe word.
En dit is deur te sterwe,
dat ek die ewige lewe beërwe.

GEWETENSONDERSOEK VÓÓR DIE SAKRAMENT VAN VERSOENING

Die onderstaande vrae vir ’n gewetensondersoek kan gebruik word waar die Sakrament van Versoening met die tema “*Die genesing van rassisme*” gevier word:

Vandag kom ons in liefde vir God en naaste bymekaar om enige patrone van rassisme wat daar dalk in ons harte skuil te ondersoek. Ons vra ’n berouvolle gees en smeek om vergifnis soos ons nou ons harte oopmaak om God se barmhartigheid te ontvang.

VOORGESTELDE SKRIFLESINGS

- 1 Korinthiërs 12:4-11: Hoewel ons van mekaar verskil (wat ras, etnisiteit en nasionaliteit betref), vorm ons saam die een liggaam van Christus.
- Johannes 17:11.23: Die dissipels was afkomstig uit verskillende sosiale, ekonomiese en politieke agtergronde. Daar was konflik en verkille onder hulle, Ons Here bid dat hulle almal één mag wees.
- Lukas 10:25-37. Te midde van aantygings van rassisme en omgekeerde rassisme, bestaan die versoeking dat elke rassegroep hulleself daarvan kan oortuig dat hulle groep die slagoffers in Suid-Afrika is. Elke rassegroep kan dus daarop ingestel wees om wraak en geregtigheid bo medelye en versoening te plaas. Wanneer ons dieper ingelei word in God se barmhartigheid, sal ons onsself as nasie kan afvra: Wat moet in ons nasie gebeur sodat my rassegroep weg kan beweeg van die aandrang op geregtigheid na ’n posisie wat deernis en versoening bied, soos die barmhartige Samaritaan? Daar is tyd vir elke ding. En nou in ons land, watter tyd is dit in God se oë? Is dit nog steeds ’n tyd vir wantroue en geregtigheid? Of is dit dalk tyd om met medelye en versoening na mekaar toe uit te reik?

- Johannes 15:9-17: Wees lief vir mekaar.
- 1 Johannes 3:11-18: Liefde is nie net woorde nie.
- 1 Johannes 4: 7-21: As ons God liefhet, dan moet ons ook lief wees vir ons naaste, ook vir hulle wat in terme van ras, etnisiteit en nasionaliteit van ons verskil.
- Handelinge 10:1-43: God het geen voorkeur wat ras, etnisiteit en nasionaliteit betref nie. God trek niemand voor nie.

VRAE VIR DIE GEWETENSONDERSOEK

Wanneer ons in vriendskap groei met mense wat verskillend van ons is, groei ons ook in vriendskap met God. Ons weerkaats die volmaaktheid van God se liefde vir die hele mensdom. Ons liefde vir ons naaste behoort net so volmaak te wees as God se liefde vir alle mense. "**Wees dus volmaak**, soos julle **Hemelse Vader volmaak is** " Mattheus 5:48.

"*Deur net diegene lief te hê met wie ons dieselfde rasse- en etniese agtergrond deel, skiet ons tekort aan die liefde wat die Evangelie ons vra. Die Here se woorde daag ons uit; as ons net ons broers en susters groet:* ***"Wat doen julle dan meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?"*** (Matteus 5:47) " *(SAKBK Pastorale brief oor rassisme).*

Het ek ander seergemaak deur:

- Rassistiese aanmerkings en rassistiese grappe;
- Rassevooroordeel;
- Negatiewe stereotipering van mense wat aan 'n verskillende ras of etniese groep of nasionaliteit behoort
- Mense van 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit as buitestaanders en uitgeworpenes te behandel;
- Betrokke te raak in geweldpleging teen mense van 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit;
- Iemand wat aan 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit behoort bespotlik te maak, te beskinder en hom of haar sleg te praat.
- Te weier om vriende te word met mense van 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit.

Is ek bereid om verskoning te vra en sake reg te stel?

Is ek bereid om mense te vergewe wat my en my familielede seergemaak het deur hul:

- Rassistiese aanmerkings en rassistiese grappe;
- Rassevooroordeel;
- Negatiewe stereotipering van mense wat aan 'n verskillende ras of etniese groep of nasionaliteit behoort
- Mense van 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit as buitestaanders en uitgeworpenes te behandel;
- Geweldpleging teen mense van 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit;
- Iemand wat aan 'n ander ras of etniese groep of nasionaliteit bespotlik te maak, te beskinder en hom of haar sleg te praat.

Is ek bereid om God om vergifnis te vra omdat ek daarin gefaal het om God se verskeidenheid in alle mense raak te sien?

“Mag die Here van Vrede self, ons nasie die vrede, genesing en versoening gee waarna ons smag. (cf. 2 Thess. 3.16)” (SAKBK Pastorale Brief oor rassisme).

©AFRIKAANSE VERTALING DEUR DIE AFRIKAANSE TAALPASTORALE STREEK VAN DIE SUIDER-AFRIKAANSE KATOLIEKE BISKOPPE KONFERENSIE